

FEESDIENS, SONDAG 1 NOVEMBER 2009  
TEOLOGIE STELLENBOSCH 150+  
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK STELLENBOSCH (MOEDERGEMEENTE)

*1 Korintiërs 3*

---

*Daarom moet niemand op mense roem nie. Alles behoort aan julle: of dit Paulus of Apollos of Sefas of die wêreld of lewe of dood of hede of toekoms is, alles behoort aan julle, maar julle behoort aan Christus en Christus aan God (1 Kor 3:21-22).*

150 jaar gelede kies die Hoogerwaarde N.J. Hofmeyr – om begryplike redes – 1 Kor 3:9 as teks by die inwydingsdiens in hierdie gemeente van die Teologiese Seminarie. Dis begryplik, omdat hy destyds wou praat oor – so begin hy – die gemeente, die kerk, en “oor ons werk in die kerk wat voor ons lê,” oor hulle werk wat op daardie dag sou begin, as medewerkers, in die saailand, aan die gebou. Sy preek behandel daarom dié drie beelde vir die kerk en vir die werk wat voor hulle wag. Vir hulle was dit ‘n besondere oomblik. ‘n Klein treetjie – maar ‘n daad van geloof en hoop, van verbeelding en droom. Medewerkers in die saailand, medewerkers aan die gebou.

As ons vandag nie vorentoe kyk nie, maar in diepe dankbaarheid terug kyk, na die werk ágter ons, is dit gepas om oor die slotwoorde van hierdie hoofstuk na te dink, want ons kan vers 9 se beelde eintlik slegs verstaan binne die groter gedagtegang van die hele hoofstuk, soos wat dit ontknoop in dié laaste woorde van verse 21 en 22. *Daarom moet niemand op mense roem nie. Alles behoort aan julle, maar julle behoort aan Christus en Christus aan God.*

Sommer met die eerste hoor word ons herinner dat dit nie ‘n dag is om op mense te roem nie. Dis nie ‘n dag vir name noem, vir suksesse uitlig, vir prestasies en hoogtepunte, om die Paulusse en Apollosse te eer, die vrug van die saailand te lys en die gebou se grootsheid te besing nie. Niemand moet op mense roem nie – nie in Korinte, nie 150 jaar gelede, en nie vandag nie. *Alles behoort aan julle, maar julle behoort aan Christus en Christus aan God.*

Trouens, ons kan ook dié hele hoofstuk – met hierdie diepsinnige slotwoorde – slegs verstaan binne die nog groter gedagtegeange van die hele 1 Korintiër-Brief. Dit sit ingewikkeld ineen. Paulus reageer op navrae uit die gemeente aan hom maar óók op berigte en gerugte oor die gemeente wat hy van ánder hoor. Hy doen dit deur verskillende motiewe as ‘t ware deurmekaar heen te verweef tot een groot argument. Sekere temas herhaal telkens weer, nou só, dan weer só – en dan word almal na die einde van die Brief uitgespel in ‘n paar aangrypende hoofstukke. ‘n Mens kan sê dat ál die temas saamhang met hierdie één motief, wat ons hier in hoofstuk 3 reeds hoor. *Alles behoort aan julle, maar julle behoort aan Christus en Christus aan God.*

\* \* \* \* \*

Breedweg is daar ten minste *drie* sulke herhalende motiewe wat ook uit hoofstuk 3 reeds blyk.

Die *eerste* is dat die kerk in Korinte klaarblyklik lewe op maniere wat hul geloof en belydenis weerspreek. Hulle gedrag weerspieël nie hul geloof nie. Hulle vertoon ‘n gebrek aan heiligheid – kerklik gesê. ‘n Gebrek aan integriteit – in ons taal vandag. Hulle is nie heel, onverdeeld nie, maar leef met innerlike teenstrydighede, spanning in hulself tussen wat hulle glo en doen. ‘n

Mens kan waarskynlik sê dat hulle in dié sin loshande die onheiligste, die sondigste gemeente is waarvan ons in die Nuwe Testament lees. Uit hul eie navrae en geskilpunte maar veral uit die gerugte oor hulle blyk dramatiese vergrype en misstande. Dalk wortel dié gebrek aan integriteit in hul begeerte, hul drang om te hê en besit, te gryp en geniet, te doen wat hulle ook al wil en wens. Hulle verwagting is net vir hierdie lewe, selfs hul hoop op Christus, sê Paulus, dien dié doel, van hul eie voordeel in die hede. Hulle ag alles vir hulleself geoorloof, dink alles behoort aan hulle, hulle mag maak en doen en beskik soos hulle wil. Hulle is wêrelds – sê hy hier in hoofstuk 3 – en gedra hulle wêrelds, hulle leef volgens die drifte en waardes en prioriteite wat buite die gemeente in die samelewing heers. Dis oor dié lewe net vir vandag en vir hulleself, oor dié gebrek aan integriteit, dat hy skryf in hoofstuk 15 oor die opstanding van Jesus Christus.

Die *tweede* motief is hul gebrek aan onderlinge eenheid, aan verbondenheid en gemeenskap met mekaar. Keer op keer kom hy daarop terug, soos ‘n refrein. ‘n Mens kan goedsikks ook sê dat hulle dalk die dieps verdeelde gemeente is waarvan ons in die Nuwe Testament lees. Daar is jaloesie en twis onder hulle, sê Paulus hier in vers 4. Verdeeldheid en meningsverskil. Hulle noem hulself met verskillende name wat juis hul verdeeldheid toon en versterk. Die een is van dié en die ander is van dáárdie – Paulus, Apollos, Sefas. Na buite vertoon hulle die beeld van ‘n verdeelde kerk, ‘n verskeurde kerk, ‘n kerk in konflik. Dís wat roem op mense beteken – en dís waarom hy dit afwys. Dis maniere van hul eie identiteit hoog roem wat ander uitsluit en vervreem. Die samelewing se verdelinge loop soos skeure deur die gemeente – dááruit blyk juis hoe wêrelds hulle is. Dis oor dié gebrek aan gemeenskap dat hy skryf in hoofstukke 10 en 11 oor die nagmaal van Jesus Christus, omdat dit juis by hul nagmaalsviering is dat dié tragiese verdeeldheid die aller-duidelikste sigbaar word.

Die *derde* motief is hul gebrek aan liefde. Dáár begin die gebrek aan integriteit en aan eenheid. Telkens praat Paulus daaroor. Omtrent álles verdeel hulle, en demonstreer hul gebrek aan liefde vir mekaar, aan omgee en sorg en aanvaar en verdra en vergewe en vashou – hul sieninge oor seksualiteit verdeel hulle; die posisie en status van vroue; hul erediens en aanbidding; doop en nagmaal; geestelike gawes; die skandalige en wêreldse hofsake wat hulle teen mekaar maak; hul sieninge van die opstanding; hul uiteenlopende hartstogte en afgoderye; hul roem in hul eie wysheid en oortuigings dat hulle self altyd reg het; hul aansprake op kennis. Alles verdeel hulle, alles demonstreer hul gebrek aan liefde vir mekaar. Dis oor dié liefdelose verskeurdheid dat hy skryf in hoofstukke 12 en 14 oor die één liggaam en 13 oor die liefde wat alles oortref.

150 jaar gelede dink Hofmeyr ook al oor dié gebreke na. Die kerk word ‘n gebou genoem – sê hy destyds – maar die oppervlakkige waarnemer sal die toekomstige stad en heilige tempel beswaarlik daarin herken. Hoe is die gemeente nie misvorm deur vriend en vyand nie?, vra hy. Hoe vermeng is die stene van die gebou nie tog met verganklike en verwerplike boumateriaal nie? Dit word wel tempel van die Here genoem, maar oral ontdek ‘n mens altare aan afgode gewy in dié tempel. Dit heet wel woonplek van die Heilige Gees, maar hoe dikwels word die Gees van waarheid nie oënskynlik deur ‘n leuengees verdryf nie? Dit heet wel heiligdom, maar hoeveel onheiligs word nie daarin gepleeg nie? Dit heet wel huis van die kinders van God, maar hoe dikwels gee die wêreld nie die toon aan in dié huis nie? Liefde heet die band wat hier die een aan die ander verbind, maar is dié gebou nie vandag nog die toneel van stryd en twis en verwarring nie? Só vra hy, vanaf hierdie kansel, in 1859.

\* \* \* \* \*

Dis in reaksie op híerdie gebreke in die kerk – aan integriteit, eenheid en liefde – dat Paulus herinner: *Alles behoort aan julle, maar julle behoort aan Christus en Christus aan God*. Elke keer gebruik hy hierdie “behoort”-woorde as hy teen dié motiewe en praktyke wil waarsku. As hulle hulself soek en onheilig handel – julle behoort aan Christus. As hulle verdeeld en onenig leef – julle behoort aan Christus. As hulle liefdeloos optree – julle behoort aan Christus. Telkens, soos ook híér. *Alles behoort aan julle, maar julle behoort aan Christus en Christus aan God*.

\* \* \* \* \*

Maar nou is dit natuurlik nie so eenvoudig nie! Om te begryp en bely dat ons nié aan onself behoort nie, is vandág nie so eenvoudig nie. Dit druis in teen die gees van ons tyd. Vir mense van ons dag kom dit swaar. Selfs die woorde klink vreemd, byna onbegryplik. Dis asof Paulus se logika ons ontglip. Dit stry met diepe oortuigings in die lug, in ons samelewing en wêreld. Ons is immers outonoom, vry, ons besluit self. Niks en niemand skryf ons voor nie. Ons kies wie ons wil wees en hoe ons wil lewe. Ons behoort – juis – aan niks en niemand nie.

Maar dis nie net óns tydsgees nie! Dit was presies ook die gees in die lug in Korinte. Daarom is Paulus se argument so merkwaardig. Uitdruklik sê hy: *Alles behóórt aan julle! Julle is rég! Dis woord vir woord, letterlik, die motto's van die Stoa en die Sinici – die groot geestesstrome van sy tyd. Dis kompleet asof hy vir Cicero en Seneca, sy tydgenoot, hier aanhaal. Instémmend aanhaal. Elders in die Brief haal hy – meermale – die Korintiërs aan wat sê dat alles tog geoorloof is; dat alles tog vir hulle toelaatbaar is; dat niemand vir hulle kan voorskryf nie – en elke keer gee hy hulle gelyk! Ja, alles ís hulle geoorloof! Ja, hulle ís vry! Ja, alles behóórt inderdaad aan hulle! En sy lysie is verstommend. Wêreld, lewe, dood, hede, toekoms – álles!*

Inderdaad. Net soos wat ons vandag ook voel en glo en soms selfs in die koerante skryf. Ons is ons eie baas. Niemand sê ons voor nie. Niemand vertel vir ons wat om te doen, wat om te dink, hoe om te lewe nie. Ja, ons is vry van alles en almal – maar ás vrye mense, sê Paulus, behoort ons aan Christus. Dis presies hóékom ons so vry is! Die kerk is vry – juis ómdat ons behoort aan Christus. Die gemeente is vry en behóórt vry te wees en vry te lewe van alle invloede en suigkrag en afgodery en lojaliteite en magte en kragte en mense-met-name en tydsgees en wêreldse strewes en noem maar op – wánt die gemeente behoort aan Christus, en Christus aan God.

\* \* \* \* \*

Hulle is vry en behóórt vry te lewe – van alle begeerte wat lei tot onenigheid en liefdeloosheid – want hulle behoort aan Christus. Dis sy punt. Dit wil hy sê. Dáár val sy klem. Dit gaan nie daarom dat ons medewerkers is en saailand en gebou nie, nee, maar daarom dat ons tog medewerkers in diens *van God* is, die saailand *van God*, die gebou *van God* (vers 9). Dís sy argument. Mense wat hulle deur die Gees *van God* laat lei sal tog nie optree soos hulle nie (vers 1)? Wie is Apollos tog, of Paulus, of wie ook al, anders as dienaars *van die Here* (vers 5)? Dit gaan tog nie om dié wat plant en natmaak nie, maar *om God* wat laat groei (verse 6 en 7)? Dis tog deur die genade *van God* dat hulle kon meewerk, saai en bou (vers 10)? Presies daarom moet elkeen tog mooi kyk hoe hulle bou op die één fondament, *Jesus Christus* (verse 10-15)? Begryp hulle dan nie dat hulle die tempel *van God* is nie (vers 16), nie hulle eie tempel nie? Dat die Gees *van God* in hulle woon nie (vers 16)? Dat hulle as tempel *van God* heilig is nie (vers 17)? Daarom moet niemand tog op mense roem nie (vers 21)! Die kerk behoort tog nie aan mense, groepe en leiers nie, maar aan Christus en Christus *aan God* (vers 22)! Verstaan hulle dít dan nie?

\* \* \* \* \*

*Alles behoort aan julle, maar julle behoort aan Christus en Christus aan God.* Deur die eeue – ja, ook deur die afgelope 150 jaar – sou dié versekering die kerk oneindig troos. Vry maak – van selfsoeke en besorgdheid en vrees. Vry maak – tot diens en gemeenskap en liefde. Vry maak – van gediensdigheid en groepsdruk en vreemde lojaliteite en aansprake. Vry maak – en tróós. Wie vergeet ooit die eerste vraag van die *Heidelbergse Kategismus*? Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Wat hou jou vas? Dra jou deur? Besiel jou? En die antwoord: Dat ek nie aan myself nie, maar aan Jesus Christus behoort, in lewe en sterwe, met liggaam en siel – sodat wêreld, lewe, dood, hede, toekoms, noem maar op, my nie kan intimideer of voorskryf of verslaaf of bevrees maak nie. Vry! – want ek behoort aan Christus.

Dié troos van die *Kategismus* stam natuurlik van Calvyn self, 500 jaar gelede gebore. Presies dié woorde was soos die motto van sy denke en lewe. Soos ‘n refrein herhaal hy dit. Dáárin sit vir hom die geheimenis van die Christelike lewe opgesluit, van ons geloof, ons vryheid, ons diens in die samelewing. Ons is nie ons eie nie. Ons behoort aan Jesus Christus, en Christus aan God. Calvyn kry dit in Korintiërs, die sleutel tot sy eie siening van die kerk. Hy verwonder hom oor 1 Kor 1:30, wat sê dat die gemeente – juis hírdie onverstandige, onheilige, verdeelde, liefdelose gemeente in Korinte – in Jesus Christus rééds wys is, heilig, regverdig, verlos! Van geen ander gemeente in die Nuwe Testament word so nadruklik gesê dat hulle heilig is nie! Juis vir hulle word vertel hoe hulle in Christus reeds één is! Juis vir hulle word verkondig dat hulle lewe nie afhang van hulle kennis en liefde nie, maar van God wat vir hulle ken en liefhet. Dis wat dit beteken om aan Jesus Christus te behoort. Dis die troos dat in Gods perspektief op ons eie lewe alles veel anders lyk as wat onself – en ánder wat na ons kyk – met die blote oog kan sien. Dis die troos dat ons verhale in Gods perspektief veel anders klink as wat ons – of ander wat ons verledes ken – dit sal vertel.

Kort voor hy in die tronk om die lewe gebring word skryf Dietrich Bonhoeffer ‘n diep persoonlike gedig met die naam: *Wie is ek?* Hy kyk as ‘t ware terug op sy lewe, op homself, soos ons vandag en gedurende die afgelope jaar se vele konferensies en lesings, geskifte en gesprekke. Baie in die erediens vanmôre sal ook hulle eie verhale hê om by te voeg – en ons verhale kan verskillend vertel word, sê Bonhoeffer. Van buite bekyk, sê hy, deur die oë van ander, is daar veel goeds om te sien, om te roem, selfs te bewonder. Ander dink baie van hom en sê veel moois oor hom. Van binne bekyk, sê hy, deur sy eie oë, sien hy egter ook ‘n ander kant, van broosheid, gebrokenheid, behoefte, nood. Dalk is hy albei tegelyk, só sê hy, die goeie oomblikke om voor dankbaar te wees én die tragiese kante om oor te treur en rou. En dan eindig hy met ‘n kort slotgebed, twee reëls, met hierdie troos van 1 Korintiërs 3. Wie ek ook al is, U weet, o God, dat ek aan U behoort. Met alles van my eie verhaal, my eie lewe, met my diepe dank én my diepe berou. Ek behoort aan U. Dis die troos ook van die kerk.